WESKUS DISTRIKSMUNISIPALITEIT
VAKATURES

Weskus Distriksmunisipaliteit streef na dinamiese en doeltreffende dienslewering aan die gemeenskappe binne sy regsgebied. As 'n gelyke indiensneming-werkgewer, beskik ons tans oor die onderstaande vakature vir 'n toepaslik gekwalifiseerde en ervare persoon.

HOOF: FINANSIËLE BEAMPTE
(Permanente- prestasiegebaseerde kontrak, welke periode nie die normale aftreeouderdom van 65 jaar sal oorskry nie)

Vergoedingspakket: Soos bepaal deur die toepaslike Regeringskennisgewing vir die Boonste Perke van die Totale Vergoedingspakkette vir Munisipale Bestuurders en Bestuurders wat regstreeks verantwoordbaar is aan die Munisipale Bestuurder, ten tye van aanstelling. Die totale koste van indiensneming strek vanaf die Minimum R884 770 / Middelpunt R1 022 855 en Maksimum R1 160 941 + 'n 4% afstandstoelaag.

Die aanstelling sal ingevolge die bepalings van Artikels 56 en 57 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet Nr. 32 van 2000) gemaak word. Die suksesvolle kandidaat sal verantwoordelik wees vir die doeltreffende bestuur van die distriksmunisipaliteit se finansiële dienste (begroting, inkomste, uitgawes, aktiwiteitsgebaseerde kosteberekening, voorsieningskanaalbestuur en batebestuur) met die vestiging, implementering en handhawing van 'n finansiële bestuurstrategie wat die doelwitte van die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) van die Distriksmunisipaliteit bereik.

Werksentrum: Langstraat 58, Moorreesburg

Minimum Vereistes: • Minstens 'n nagraadse kwalifikasie (NKR 08) op die gebied van Rekeningkunde, Finansies of Ekonomie OF Geoktrooieerde Rekenmeester (SA). • Minstens 7 jaar toepaslike ervaring op senior- en middelbestuursvlak, waarvan minstens 2 jaar (verkieslik 5 jaar) op senior bestuursvlak. • Grondige kennis en blootstelling aan plaaslike regeringsbedrywe en munisipale finansiële bestuur. • Sterk visionêre en leierskapvermoëns met strategiese denk- en besluitnemingsvaardighede. • In-diepte kennis van plaaslike regeringswetgewing en die statutêre vereistes wat met die pos verband hou. • Kernvaardighede soos uiteengesit in die Plaaslike Regering: Regulasies op Aanstelling en Diensvoorwaardes van Senior Bestuurders, 17 Januarie 2014. • Die posbekleër moet beskik oor 'n kwalifikasie soos voorgeskryf deur die Minimum Vaardigheidsregulasie (CPMF/MFMP) OF die minimum vaardigheidsvlak soos voorgeskryf in die Staatskoerant Nr. 40593 (Vrystellingskennisgewing van 3 Februarie 2017) binne 'n tydperk van 18 maande vanaf die datum van aanstelling in die eenheidstandaarde vir elke vaardigheidsarea verwerf. • Uitstekende fasiliterings- en kommunikasievaardighede in minstens twee van die drie amptelike tale van die Wes-Kaap. • Geldige Kode B-rybewys.

Sleutelprestasie-Areas: • Ontwikkel, implementeer en bestuur strategiese doelwitte, beleide en prosedures in ooreenstemming met die strategiese doelwitte van die Distriksmunisipaliteit. • Doeltreffende bestuur van finansiële dienste (begroting, inkomste, uitgawes, aktiwiteitsgebaseerde kosteberekening, voorsieningskanaalbestuur en mScoa-implementering) met die vestiging, implementering en handhawing van 'n finansiële bestuurstrategie. • Verantwoordelik vir die doeltreffende en effektiewe bestuur van die Direktoraat. • Adviseer die rekenpligtige beampte en mede-senior bestuurders oor die uitvoer van magte en pligte soos ingevolge die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur aan hulle toegewys. • Skakeling en interaksie met individue, rolspelers en agentskappe op senior vlak in al drie vlakke van regering. • Hulp aan en ondersteuning van die rekenpligtige beampte met die rolle en verantwoordelikhede soos gedelegeer aan die Hoof: Finansiële Beampte. • Verseker munisipale finansiële lewensvatbaarheid met die bestuur en monitoring van alle inkomste en uitgawes van die Distriksmunisipaliteit, beveiliging van alle bates, ontlading van munisipale verpligtinge en die behoorlike en toegewyde nakoming van die Wet op Finansiële Bestuur en ander voorskrifte.

NB: Kortlyskandidate sal aan bevoegdheidevaluerings en sekuriteitsklaring onderwerp word. Daar sal van die suksesvolle kandidaat verwag word om 'n permanente dienskontrak met die Distriksmunisipaliteit aan te gaan, en onderhewig te wees aan prestasiebeoordeling deur middel van 'n getekende jaarlikse prestasie-ooreenkoms en moet sy/haar finansiële belange verklaar.

Rig asseblief navrae aan die Senior Bestuurder: Menslike Hulpbronne by (022) 433 8489 of hbrand@wcdm.co.za. Persone wat belangstel, moet asseblief die amptelike aansoekvorm op die webtuiste by www.westcoastdm.co.za, voltooi.

Die omvattende CV's moet aangeheg word by die aansoekvorm, vergesel van oorspronklik gewaarmerkte, ware afskrifte van kwalifikasiesertifikate, insluitend 'n gewaarmerkte verklaring van Eenheidstandaarde behaal ten opsigte van die Munisipale Minimumbevoegdheidskwalifikasie, identiteitsdokument en rybewys en moet ingedien word by die Weskus Distriksmunisipaliteit (vir die aandag van die Senior Bestuurder: Menslike Hulpbronne, Dr. H Brand), Posbus 242, Moorreesburg 7310, of Langstraat 58, Moorreesburg, 7310.

Nota: Aansoeke wat laat, onvolledig, per faks en/of elektronies ontvang word, sal nie in aanmerking geneem word nie.

Sluitingsdatum: Vrydag, 23 Februarie 2018 om 15:00

Indien u nie binne 3 maande na die sluitingsdatum vir die advertensie gekontak word nie, aanvaar asseblief dat u aansoek onsuksesvol was. Die Raad behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie.

SONDLO & KNOPP ADVERTISING